Wapenrusting

Skriflesing uit Efesiërs 6;10-20

Kernvers: 12- 'Want ons worstelstryd is nie teen vlees en bloed nie, maar teen die owerhede, teen die magte, teen die wêreldheersers van hierdie eeu, teen die bose geeste in die lug.'

Geliefdes, met hierdie wonderlike Skrifgedeelte wil ek graag u aandag vestig ook op vers 13…. sodat julle staande kan bly!

Ons worstelstryd is nie teen persone met menslike liggame nie maar juis daarom is dit nog 'n groter werlkikheid. Met hierdie wapenrusting sal ons wel weerstand kan bied.

Daar word oorlewingskursusse aan skoolkinders gebied, om hulle te leer hoe om in 'n krisistyd te kan oorleef. Want ons is baie bewus in hierdie tyd van 'n fisiese bedreiging. Ons hoor van uitwissingswapens en kernbomme, van kiemoorlog, epidemies van siektes. Boonop is daar 'n moontlikheid dat die aarde fisies uitgewis kan word.

Daar is ook die bedreiging dat ons godsdiens uitgewis kan word. Daar is magte aan die werk wat streef na wêreldoorheersing en wel sonder God. 'n Mens wonder net waste soort wêreld kan bestaan sonder God!?

Ons raak so besig met al hierdie dinge en voorsorg te tref, maar watse krisis sal dit nie wees as jy by jou dood kom en jy is sonder die Here? Watse ramp sal dit nie wees nie?! Want dan is dit vir ewig te laat en jy is verlore!!

Alhoewel die meeste van ons 'n Christelike opvoeding gehad het, is ons as 'n volk op die afdraende pad….Nogtans is dit juis hierdie bedreiginge wat ons weer op ons knieë gaan dwing en ons as 'n volk tot inkeer sal kom.